

23 Oktober

Romeine 8:26-39

Christus is ons Voorspraak by die Vader

As Paulus vra: "Wie is dit wat veroordeel?", dan kom die antwoord in stygende toon van suiwere verlossingsvreugde: Christus het gesterf; Hy het opgestaan; Hy sit aan die regterhand van God; Hy tree nou vir ons in. Dat Christus reeds ingetree het, kom na vore in die Hoëpriesterlik gebed van Joh. 17 as Hy met roerende woorde vir die gelowiges by die Vader pleit. Maar nou skrywe Paulus in die teenwoordige tyd en in Heb. 7:25 word dit bevestig as daar staan: "Daarom kan Hy (Christus) ook volkome red dié wat deur Hom tot God gaan, omdat HY ALTYD LEEF OM VIR HULLE IN TE TREE". Lees ook in NGB art..26 van dié onmisbare geloofswaarheid. Daarom moet ons nie Golgota-Christene wees wat by die kruis en graf wil bly staan nie, maar ons moet bly aanstap op die geloofspad wat Christus vir ons geopen het en ons deur die wedergeboorte daarop geplaas het. Daarom doen Hy onophoudelik vir ons voorspraak by die Vader. So is die daaglikse voorbedding van Christus vir die gelowige baie meer onmisbaar as die daaglikse brood op hul tafel. Maar wat is die grond van sy voorbedding? Dit lê in die woordjie WAT van vers 34. Hy WAT vir ons intree, is dieselfde WAT gesterf het, WAT opgewek is, WAT ook aan die regterhand van God is. Die Middelaar kan vir ons pleit, want Hy het vir ons betaal. Hy kan vir ons pleit, want Hy het vir ons die bande van die dood verbreek. Hy kan vir ons pleit, want God het die volle prys aangeneem en Hom verhef om te sit aan sy regterhand. Daarom hoef Christus nie meer sugtend te kniel soos in Getsémane nie. Hy hoef nie meer sy hoof te buig onder ons skuld soos op Golgota nie. HY kan nou staan, en op grond van SY verdienste sê: "Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees" (Joh. 17:24).

Mag elkeen van ons elke dag versterk word met die kragtige belydenis dat ons verhoogde Middelaar al tyd leef om vir ons te bid!

Sing: Skrifberyming 10:1, 2Ds.
(Bothaville/Viljoenskroon)

J.E.

Franck